U GESONDHEID MAAK SAAK

Veranderinge aan gesondheidsprodukte 2017

NG Kerk in SA
Discovery Health-ledebrief

Opsiehernuwing is een tyd van die jaar wanneer u die geleentheid gegun word om u mediese skema-opsie te verander.

Dit is 'n verandering wat u en u gesin se gesondheid direk sal beïnvloed. U word gevolglik sterk aangemoedig om seker te maak dat u die vlak van dekking kies wat vanaf **1 Januarie 2017** die beste by u behoeftes sal pas.

Neem asseblief tyd om die verandering in u skema vir 2017 te bestudeer, sodat u al die nodige inligting in ag kan neem om u in staat te stel om goeie besluite te neem, en die voordele daarvan te geniet om gesond te leef.

Is u tevrede met u huidige mediese skema-opsie?

Om u mediese skema-opsie te verander is nie verpligtend nie. Indien u tevrede is met u huidige opsie, en glo dat dit sal aanhou voldoen aan u en u gesin se gesondheidsbehoeftes vir die komende jaar, is u welkom om voort te gaan met u gekose opsie. U hoef nie enige vorms te voltooi nie, maar neem asseblief kennis van veranderinge wat vanaf 2017 op u plan van toepassing mag wees.

Wil u u bestaande skema-opsie verander?

Om u mediese skema-opsie te verander, moet u asseblief die **Opsie-veranderingsvorm (Bylaag B)** voltooi en stuur aan **Christine Lombard** teen nie later nie as **25 November 2016**.

Let asseblief daarop dat indien u nie die **sinodale kantoor** voor die spertyd van u keuse in kennis stel nie, u op u huidige opsie sal bly en eers weer aan die einde van 2017 die geleentheid sal hê om te verander.

Die posadres is soos volg:

NG Kerk in SA (Medies)
Privaat sak X8
BELLVILLE
7535
Navrae met betrekking tot die invul van die vorms, kan aan Christine Lombard gerig word by:

☎	021 957 7106
🖷	021 957 7101
E-pos:	medies@kaapkerk.co.za

Alexander Forbes Health is 'n gelisensieerde finansiële diensteverskaffer (FSP 33471).
CMS registrasienommer ORG 3064

Belangrike vrae om te vra

- Was u mediese spaarrekening genoeg vir hierdie jaar?
- Hoeveel gaan u moontlik volgende jaar nodig hê?
- Het u die bogenoemde drempelvoordeel bereik as ’n lid van ’n Prioriteit-, Omvattende of Eksklusiewe plan?
- Benodig u omvattende dekking of sal ’n spaarderplan meer geskik wees?
- Watter plan sal die beste dekking bied vir u behoeftes ten opsigte van chroniese medikasie?

U kan ’n eisegeskiedenistransaksieverslag (EGTV) aanvra by Discovery Health (0860 99 88 77) om u mediese skema-verbruik van die afgelope jaar na te gaan. Dit sal u help om ’n ingeligte besluit te neem vir 2017.

Elektroniese Navrae

Indien u toegang tot die internet het, kan u die webwerf van Discovery Health (**http://www.discovery.co.za)** besoek vir inligting rakende die werking en voordele van die skema. U kan ook aansoek doen vir toegang tot u persoonlike inligting en die verwerking van u eise.

Wil u graag leiding hê in die neem van u besluit?

U **Alexander Forbes Health-konsultant** sal u kan help om u besluit vir 2017 te neem sodat u en u gesin die voordele van ’n gesonde lewe kan geniet.

Rachelle Swart **Alexander Forbes Health Stellenbosch**		**Kliënt Navraag Sentrum** **Alexander Forbes Health Stellenbosch**
☎ 021 809 3743 🖷 021 809 2820 E-pos: swartra@aforbes.co.za		☎ 021 809 3777 E-pos: clientspecialist@aforbes.co.za

Weens slegs geringe voordeelwysigings van die Discovery Health Mediese Skema vir 2017, het die Mediese Komitee besluit dat geen lede-inligtingsessies in streeksverband sal plaasvind nie.

U word egter aangemoedig om met Christine Lombard of met een van die Alexander Forbes Health-konsultante rakende mediesverwante advies in verbinding te tree.

Hoeveel sal u in 2017 betaal?

Die bydraestyging vir alle planne sal wissel tussen 7,8% en 14,9%. Die aangepaste gemiddelde oorhoofse styging is 10,2%. Ten einde die styging te bepaal, het Discovery Health Mediese Skema die volgende in ag geneem:

Planne	Tarief	Besteding	Bydraestygings vir 2017
Planne uitsluitend Omvattend, Eksklusief en Kus	VPI	3,5%	9,9%
Omvattend en Eksklusief Hierdie planne se bydraes styg meer (2%) vanweë aanvraagdruk		5,5%	11,9%
Kus Spaarder en Kus Kern Demografiese veranderings en ’n toename in hospitaalbesoeke sal ’n 5% korreksie vereis		8,5%	Kus Spaarder 7,8%* Kus Kern 14,9%

*Kus Spaarder se Mediese Spaarrekening het vanaf 25% tot 20% van die maandelikse bydrae verminder.

Verwys asseblief na die **bydraetabel (Bylaag A)** vir besonderhede.

Inligting aangaande die NG Kerk in SA-lede

Daar is tans 586 lede van die NG Kerk in SA wat aan 18 verskillende opsies van Discovery Health deelneem. Die gemiddelde ouderdom van die groep se lede is 62-jaar, wat aansienlik hoër is as die gemiddelde ouderdom van ander lede op die Discovery Health Mediese Skema.

57,8% van die NG Kerk in SA se lede is tans vir 'n chroniese siektetoestand geregistreer. Hoë bloeddruk, cholesterol en diabetes is die drie top chroniese siektetoestande waarvoor die NG Kerk in SA-lede geregistreer is.

1. Algemeen

Opsomming van voordeelveranderings vir 2017

Drempelvlakke

Die drempelvlakke van die Eksklusiewe, Omvattende en Prioriteitplanne neem toe met tussen 9,05% en 12,60%.

Plan	Hooflid	Volwassene	Kind
Eksklusief	R16 600	R16 600	R3 150
Omvattend	R15 500	R15 500	R2 950
Prioriteit	R13 150	R 9 850	R4 300
Prioriteitplan: Voordeel-bo-die-Drempellimiet	R11 150	R 7 950	R3 850

Limietveranderings	2017
Voordeellimiete, bybetalings en voorafbetalings	Styging van 9,9%
Onkologie	Geen verandering
Bybetalings vir MR- of RT-skanderings	Styging van 5,45%
Limiet vir eksterne mediese items	Geen verandering
Limiet vir spinale apparaat	Geen verandering
Limiet vir interne prostese	Toename bepaal deur chirurgiese inflasie

Hospitaalvoordele

Die **Prioriteitplan** se voorafbetaling wissel tussen R2 800 en R13 850.

Voorafbetalings	2016	2017	% toename
Konserwatiewe rug- en nekbehandeling, miringotomie (pypies in ore), tonsillektomie, verwydering van adenoïede	R2 550	R2 800	9,80%
Kolonoskopie, proktoskopie, sigmoïedoskopie, sistoskopie en gastroskopie	R3 300	R3 600	9,09%
Artroskopie, prosedures om neusfunksie te herstel, histerektomie (maar nie as kanker voor die operasie gediagnoseer is nie), endometriale ablasie, laparoskopie, histeroskopie	R6 150	R6 750	9,76%
Reflukschirurgie, spinale chirurgie (rug en nek) en gewrigvervangings	R12 600	R13 850	9,92%

Die **Delta-netwerkopsies** se voorafbetalings neem toe vanaf R6 450 tot R7 100, wat 'n styging van 10,08% impliseer.
Die **Klassiek *Smart Plan*** se voorafbetalings neem toe vanaf R7 500 tot R8 200, wat 'n styging van 9,33% impliseer.

Die voorafbetaling vir **tandheelkundige prosedures**, sal soos volg toeneem:

Lidkategorie	Hospitaal		% toename	Dagkliniek		% toename
	2016	2017		2016	2017	
Lede jonger as 13	R1 850	R2 050	10,81%	R850	R930	9,41%
Lede ouer as 13	R4 800	R5 250	9,34%	R3 100	R3 400	9,68%

KeyCare

Die inkomsteskaalstruktuur van KeyCare Plus is aangepas vir 2017:

	2016	2017	
Inkomsteskaal	R0 – R290	–	Studente-opsie is vanaf 2017 nie meer beskikbaar nie
	R291 – R7 550	R0 – R8 100	Styging van 7,4%
	R7 551 – R10 750	R8 101 – R11 550	
	R10 751+	R11 551+	

2. Nuwe Voordele vir 2017

Die *Smart Plan*-reeks

Klassiek *Smart Plan*

Die bestaande *Smart Plan* staan voortaan as die Klassiek *Smart Plan* bekend en is soos volg uitgebrei:

- Wyer hospitaal- en algemene praktisynsnetwerk.
- Uitgebreide akute-medisyne-voordeel.
- Een tandheelkundige konsultasie per jaar met 'n bybetaling van R100.
- Een oogtoets per jaar by enige Mellins-optometris met 'n bybetaling van R50.
- Sportbeseringvoordeel wat basiese X-strale, twee spesialisbesoeke en 'n totaal van vier besoeke aan 'n fisioterapeut, biokinetikus of chiropraktisyn insluit. Moet verwys word deur 'n algemene praktisyn wat aan die *Smart*-netwerk behoort. 'n Bybetaling van R100 per besoek geld.

Essensieel *Smart Plan*

Hierdie nuwe opsie maak deel van die *Smart*-reeks uit en bied lede die volgende:

- 100%-dekking by hospitale in die *Smart Plan*-netwerk. 'n Bybetaling van R8 200 vir 'n besoek aan 'n hospitaal wat nie deel uitmaak van die *Smart Plan*-netwerk nie.
- Volledige dekking van chroniese medikasie, soos bepaal deur Discovery Health se voorgeskrewe lys, vir toestande op die chroniese siektelys, wanneer MedXpress, apteke in vennootskap met MedXpress, Clicks of Dis-Chem besoek word.
- Sifting- en voorkomingsvoordele.
- Onbeperkte algemene-praktisyn-konsultasies deur die *Smart Plan*-netwerk. 'n R100-bybetaling is betaalbaar per besoek. Lede geniet ook dekking vir videofoonkonsultasies.
- Een tandheelkundige konsultasie per jaar met 'n bybetaling van R150.
- Een oogtoets per jaar by enige Mellins-optometris met 'n bybetaling van R100.

Veranderings in die *Smart*-hospitaalnetwerk

Die volgende is tot die netwerk toegevoeg:

- Mediclinic – Nelspruit
- Mpumalanga NetCare FernCrest – Noordwes
- Life Beacon Bay – Oos-Kaap
- Life Claremont – Wes-Kaap
- Life Kingsbury – Wes-Kaap
- Life Wilgers – Gauteng

Lede wat sou belangstel in een van die Smart opsies moet daarop let dat toegang tot Algemene Praktisyns en Hospitale beperk is en dat slegs netwerkverskaffers gebruik mag word.

Diabetes Care

Hierdie program is ontwerp om goedgekoördineerde sorg te verskaf aan lede wat op die chroniese siektevoordeel as diabete geregistreer is. Die vier sleutelelemente is:

- Toegang tot die Premier Plus se netwerk van algemene praktisyns ten einde sorg te koördineer.
- Die Premier Plus se netwerk van algemene praktisyns is die aangewese diensteverskaffer (ADV) vir alle opsies met uitsondering van die Eksklusiewe en Omvattende planne.
- Addisionele fondse vir besoeke aan ’n biokinetikus en dieetkundige.
- Maandelikse vorderingsmeter op die web, lid-toep (*app*) en e-pos.

Sentrums van Uitnemendheid

Twee netwerke is in gebruik gestel, een vir groot gewrigsvervangings en ’n ander vir gespesialiseerde psigiatrie in die hospitaal.

- Lede wat gebruik maak van die gewrigvervangingsnetwerk sal volledige dekking geniet. ’n Bybetaling van 20% is betaalbaar wanneer opnames buite die netwerk geskied. Dit is met die uitsondering van die KeyCare en Essensieel *Smart Plan* waar gewrigsvervangings **uitgesluit** is.
- Lede wat van die psigiatrie-netwerk gebruik maak, sal dekking teen 100% van die Discovery Health-tarief geniet. ’n Bybetaling van 20% is betaalbaar wanneer opnames buite die netwerk geskied.
- Die KeyCare en Essensieel *Smart Plan* bied geen dekking nie.

KeyCare-reeks veranderings

- Die KeyCare-hospitaalnetwerk word in twee verdeel. Lede wat in die Volledige Dekking-netwerk opgeneem word, sal volledige dekking geniet. Hospitaalrekeninge wat deur die Gedeeltelike Dekking-netwerk (ses hospitale) uitgereik word, sal gedek word tot en met 70% van die Discovery Health-tarief.
- Lede wat aan komplekse mediese toestande ly, kan toegelaat word tot die Gekoördineerde Sorgprogram op grond van kliniese toelatingskriteria.
- Sou lede aan die toelatingskriteria voldoen, sal hulle deur Discovery Health Mediese Skema gekontak word. Indien die lid sou versuim om vir die program te registreer, sal ’n 20% bybetaling geld vir alle vrywillige opnames wat nie as ’n noodgeval geklassifiseer kan word nie.

Sifting- en Voorkomingsvoordeel

Die Sifting- en Voorkomingsvoordeel sal opgedateer word ten einde klinies-toepaslike siftingstoetse aan alle lede te verskaf en gevorde siftingstoetse vir hoë-risiko lede.

- Sou die resultate van ’n lid se glukose- en cholesteroltoetse buite die normale spektrum val, sal die lid vanaf 1 April 2017 gedek wees vir ’n lipogram en HbA1c as deel van die siftingsproses.

- Vir die bors- en servikale kankersifting is die voordeel gereduseer tot:
  - Een mammogram elke twee jaar
  - Een papsmeer elke drie jaar

- ’n Hoërisiko lid sal gedek wees vir:
  - Een mammogram of bors-MRB per jaar
  - Eenmalige BRCA genetiese toetsing
  - Jaarlikse papsmeer

Eksterne Mediese Items (EMI)-aanvullervoordeel

Hierdie voordeel sal uitgebrei word ten einde addisionele, gesofistikeerde items wat buite die limiet vir die EMI val, aan hoërisiko lede wat vir uitgebreide dekking kwalifiseer, te verskaf.

Dag-tot-dag-aanvullervoordeel

Die bestaande Versekerde Netwerkvoordeel staan voortaan as die Dag-tot-dag-aanvullervoordeel bekend en sluit die volgende in:

- Lede sal nou van ’n Premier Plus-algemene praktisyn se dienste gebruik moet maak. Die netwerk is saamgestel aan die hand van kwalitatiewe statistiek.

Chroniese siektevoordeel

Die verandering van chroniese medisynepryse asook die veranderings wat op die medisynelys aangebring is, sal vanaf 1 Januarie 2017 vir nuwe lede geld, maar eers vanaf Julie 2017 vir bestaande lede.

3. Vitality

Vitality *Active Rewards*

- Ster-Kinekor en Mugg & Bean is ook nou *Active Rewards*-vennote.
- Vitality *Active Rewards Shoe Booster* bied soveel as ’n 100%-terugbetaling op ’n nuwe paar hardloopskoene.

Vitality-punte

Lede sal jaarliks tot en met 50% van hulle Vitality-punte in die vorm van Discovery-myle terugkry. Lede kan hulle reisbesparings met soveel as 50% vermeerder.

Discovery-kaart

Big Concerts het ’n nuwe vennootskap met Discovery Vitality aangegaan. Discovery-kaarthouers kan 48 uur voor enige ander konsertganger, eksklusiewe vooruitbesprekingtoegang verkry.

Vitality *Weight Loss Rewards*

Lede met liggaamsmassa-indekse en midrifomtrekke wat die aanbevole, gesonde reikwydte oorskry, sal klinies-toepaslike gewigsverliesdoelstellings ontvang. Hulle sal aangemoedig word om ’n reeks van 12-week gewigsverliessiklusse oor ’n tydperk van 6 tot 12 maande te voltooi, afhangend van die hoeveelheid gewig wat hulle moet verloor.

Nadat die lede hulle eerste doelstelling bereik het, kan hulle ’n kontant-terug-bonus van soveel as 50% van die HealthyFood wat hulle oor ’n tydperk van drie (3) maande spandeer het, ontvang.

4. Mediese Gapingsdekking-versekering

Gapingsdekking-produkte is korttermynversekeringspolisse wat die verskil dek tussen die mediese skema-tarief en die verskaffer se tariewe (narkotiseurs, chirurge, spesialiste en huisdokters) vir prosedures wat in die hospitaal gedoen word, onderhewig aan sekere beperkings. Selfs op u mediese skema se meer omvattende opsies, kan u steeds gapings vind tussen die tarief wat die skema betaal en die bedrag wat die diensverskaffer vra. Het u reeds ’n gapingsdekking-produk gekies wat hierdie gapings in u dekking aanspreek? Oorweeg dan die 2017 veranderinge wat aangebring is aan u mediese skema se dekking, tesame met enige verandering in u gapingsdekking, om seker te maak dat u keuses steeds u blootstelling aanspreek.

U gapingsdekking-versekering bydrae sal styg van R104 tot **R124** per gesin per maand vanaf 1 Januarie 2017.

Die verskille in produkte word kortliks hieronder uiteengesit:

Opsie	Supreme (2016)	Supreme (2017)
Tarief	Gaping 500% van skema tarief	2 keer meer as die mediese plan tarief
Hospitaalbybetalings/Voorafbetalings	✓	✓
Interne Prostese	✓	✓
VMV	✓	✓
Kanker-uitbetaling	✓	✓
Persoonlike ongeluksdekking	✓	✓
Kankervoordeel	✓	✓
Tandheelkundige voordeel na ’n ongeluk	✓	✓
Langtermyn hospitaal uitbetaling	✓	✓
Ongevalle voordeel	×	✓

Opsomming van veranderings vir 2017:

Tarief tekorte
Die voordeel vir tarief tekorte is van vyf (5) keer die Admed-tarief na twee (2) keer meer as die mediese plan tarief verander.

Voordeel vir noodgeval-ongevalle kostes
Die voordeel sal beskikbaar wees vir persone wat na die ongevalle afdeling van hospitale geneem word weens 'n ongeluk. Admed sal vir 'n voordeel van tot R5 000 betaal in geval die besoek verband hou met 'n liggaamlike besering wat weens 'n ongeluk veroorsaak is.

Wagperiodes
Die wagperiodes vir swangerskap- en kanker verwante kostes is tot 12 maande uitgebrei. Ander wagperiodes is onveranderd gelaat vir 2017.

Indiening van eise
Die periode waarin eise ingedien kan word, is van ses (6) maande na vier (4) maande verminder. Dus moet alle relevante dokumente met 'n voltooide eisvorm binne vier (4) maande na hospitalisasie of 'n prosedure ingedien word.

5.Verbintenis deur Alexander Forbes Gesondheidsorgkonsultante

As 'n kliënt van Alexander Forbes Health kan u verseker wees van ons onwrikbare verbintenis daartoe om u te help om in 2017 die voordele van 'n gesonde lewe te geniet.

Ons **SERVE** model bestuur die maniere waarop ons sake doen by Alexander Forbes. Ons streef daarna om Eenvoudige (**Simple**) en Kenner- (**Expert**) innoverende oplossings te lewer wat langdurende Verhoudings (**Relationships**) bou, gevestig op die Waarde (**Value**) van vertroue – alles om u lewe te verryk (**Enrich**) deur diens te lewer wat 'n impak maak**.**

Meer inligting

Volg **#AF_Health** op Twitter om sodoende u vinger op die mediesefondsbedryf se pols te hou.

Lees deur die webwerf www.discovery.co.za	Brosjure gestuur deur Discovery Health	Nasionale instapsentrums
Alexander Forbes/ mediesefondswebwerf: www.afhealth.co.za/discoveryhealth	Stellenbosch: +27 (0)21 809 3777 of clientspecialist@aforbes.co.za	Alexander Forbes Klagtes: Aanlyn: www.alexanderforbes.co.za E-pos: contactus@aforbes.co.za Telefoon:+27 (0)11 669 7026 Faks: +27 (0)11 263 1343 Stuur 'n brief per pos aan: Klagtekantoor Posbus 787240 Sandton 2146
Lees Health Mag	Kyk "Benefits Broadcast"	Kyk die DVD's

6. Belangrike reëlings rondom lede en afhanklikes

Geen telefoniese veranderings sal aanvaar word nie. Maak asseblief seker dat u vorm ons bereik. Die lede is self verantwoordelik daarvoor dat die vorm ons voor die sperdatum (25 November 2016) bereik. Ons sal so gou moontlik per e-pos of per brief die nodige ontvangserkenning doen. Skakel gerus indien u twyfel. Discovery Health gaan nie toegewings maak in gevalle waar lede nie betyds die plankeuse bevestig nie.

- Neem asseblief kennis dat die plankeusevorms **slegs gebruik moet word om** 'n **verandering van plankeuse aan te dui.** Die gewone Discovery-aansoekvorms moet deur **nuwe lede** wat vir die eerste keer by die mediese skema wil aansluit, ingevul word. Diegene **wat afhanklikes wil byvoeg,** moet die toepaslike vorms daarvoor gebruik. Die vorms is by Christine Lombard beskikbaar. Vir die verwydering van afhanklike, rig skrywe per brief, faks of e-pos.
- Indien u op 'n opsie is wat oor 'n mediese spaarrekening beskik en u beplan om gedurende die jaar 'n afhanklike se lidmaatskap te kanselleer, moet u daarop let dat Discovery Health 'n **terugverhaling** van u kan hef indien u op daardie stadium reeds te veel van u mediese spaarvoordele benut het.
- U skriba en kerkraad moet van enige veranderinge aan u plankeuse, met die oog op die aanpassing van die **debietorder**, in kennis gestel word. Dit geld ook vir veranderings gedurende die jaar soos wanneer u 'n afhanklike (bv. volwasse kind) se lidmaatskap wil kanselleer of 'n afhanklike (ouer of baba) wil byvoeg.

Die skriba moet dan onmiddellik vir Christine Lombard in kennis stel van sodanige wysiging.

Indien u 'n afhanklike se lidmaatskap wil kanselleer, moet u ons een maand kennis gee. In sulke gevalle benodig ons die volle name en geboortedatum, asook datum van verandering.

Vriendelike groete

Kenny Raats

BESTUURDER: MENSLIKE HULPBRONNE

Vrywaring: *Alhoewel alle redelike voorsorg getref is tydens die opstel van hierdie inligtingstuk, het ons staatgemaak op die akkuraatheid en volledigheid van die inligting soos deur die onderskeie skemas en produkverskaffers voorsien. Gevolglik kan ons geen aanspreeklikheid aanvaar vir enige foute of weglatings wat mag voorkom as gevolg van ons steun op sodanige inligting nie. Let asseblief verder daarop dat die veranderinge deur die mediese skemas nog onderhewig is aan goedkeuring deur die Raad vir Mediese Skemas. Alexander Forbes Health sal u ingelig hou oor enige verdere inligting of veranderinge waarvan ons bewus raak.*

Alexander Forbes Health is is 'n gelisensieerde finansiële diensteverskaffer (FDV 33471).
RMS-registrasienommer ORG 3064

Bylaag A: Discovery Health mediese skema bydraes

Totale bydraes vir 2017

Reeks	Opsie	Hooflid	Volwasse afhanklike*	Minderjarige afhanklike**
Eksklusief	Eksklusief	R5 544	R5 544	R1 055
Omvattend	Klassiek Omvattend	R4 506	R4 264	R898
	Klassiek Delta Omvattend	R4 059	R3 842	R807
	Klassiek Omvattend Zero MSR	R3 380	R3 199	R674
	Essensieel Omvattend	R3 787	R3 580	R762
	Essensieel Delta Omvattend	R3 410	R3 221	R684
Prioriteit	Klassiek Prioriteit	R2 968	R2 337	R1 187
	Essensieel Prioriteit	R2 551	R2 004	R1 017
Spaarder	Klassiek Spaarder	R2 577	R2 029	R1 031
	Klassiek Delta Spaarder	R2 058	R1 623	R826
	Essensieel Spaarder	R2 047	R1 536	R819
	Essensieel Delta Spaarder	R1 634	R1 230	R655
	Kus Spaarder	R2 007	R1 506	R808
Smart	Klassiek *Smart*	R1 535	R1 209	R612
	Essensieel *Smart*	R1 100	R1 100	R1 100
Kern	Klassiek Kern	R1 918	R1 510	R767
	Klassiek Delta Kern	R1 535	R1 209	R612
	Essensieel Kern	R1 648	R1 234	R661
	Essensieel Delta Kern	R1 317	R989	R528
	Kus Kern	R1 496	R1 122	R596
KeyCare	KeyCare Plus (R0 – R8 100)	R914	R914	R331
	KeyCare Plus (R8 101 – R11 550)	R1 280	R1 280	R358
	KeyCare Plus (R11 551+)	R1 906	R1 906	R510
	KeyCare Access (R0 – R5 050)	R644	R644	R281
	KeyCare Access (R5 051 – R8 100)	R859	R859	R309
	KeyCare Access (R8 101 – R11 550)	R1 241	R1 241	R348
	KeyCare Access (R11 551+)	R1 863	R1 863	R503
	KeyCare Kern (R0 – R8 100)	R731	R731	R190
	KeyCare Kern (R8 101 – R11 550)	R912	R912	R224
	KeyCare Kern R11 551+	R1 408	R1 408	R318

Afhanklikes ouer as 21 jaar word as volwasse afhanklikes beskou. *'n Maksimum van drie (3) kinders.

Die bogenoemde bydraes is standaard-Discovery Health-bydraes en sluit nie enige boetes in wat van 'n aansoeker of volwasse afhanklike ouer as 35 jaar verhaal kan word vir laat aansluiting nie.

Boetes vir laat aansluiting

Mediese fondsbydraes kan 'n boete insluit vir lede of afhanklikes wat na die ouderdom van 35 jaar aansluit, afhangend van die aantal jare wat hulle nie aan 'n geregistreerde Suid-Afrikaanse mediese fonds behoort het nie. Die boete beloop 'n persentasie van die lid se bydrae wat by die maandelikse risikobydrae ingereken word. Die lid is verplig om die boete vir die duur van die lidmaatskap te betaal om te vergoed vir die jare waartydens hulle geen bydraes gemaak het nie: die mediese fondsindustrie is afhanklik van lede se lewenslange bydraes ten einde die koste wat veroudering meebring, te dra. U boetegroep = u ouderdom ten tye van u aansoek **minus** (35 **plus** die aantal jare wat u aan 'n mediese fonds in Suid-Afrika behoort het).

Alexander Forbes Health is a licensed financial services provider (FSP 33471).
CMS registration number ORG 3064

Bylaag A: Discovery Health mediese skema bydraes

Boetegroep	Boete by bydrae gereken
1–4 jaar	0.05 × risikobydrae
5–14 jaar	0.25 × risikobydrae
15–24 jaar	0.50 × risikobydrae
25+ jaar	0.75 × risikobydrae

Mediese Spaarrekeningbydraes

Reeks	Opsie	Hooflid		Volwasse afhanklike		Minderjarige afhanklike*	
		Jaarliks	Maandeliks**	Jaarliks	Maandeliks**	Jaarliks	Maandeliks**
Eksklusief	Eksklusief	R16 632	R1 386	R16 632	R1 386	R3 156	R263
Omvattend	Klassiek	R13 512	R1 126	R12 792	R1 066	R2 688	R224
	Klassiek Delta	R12 168	R1 014	R11 520	R960	R2 412	R201
	Essensieel	R6 816	R568	R6 444	R537	R1 368	R114
	Essensieel Delta	R6 132	R511	R5 796	R483	R1 224	R102
Prioriteit	Klassiek	R8 904	R742	R7 008	R584	R3 552	R296
	Essensieel	R4 584	R382	R3 600	R300	R1 824	R152
Spaarder	Klassiek	R7 728	R644	R6 084	R507	R3 084	R257
	Klassiek Delta	R6 168	R514	R4 860	R405	R2 472	R206
	Essensieel	R3 684	R307	R2 760	R230	R1 464	R122
	Essensieel Delta	R2 940	R245	R2 208	R184	R1 176	R98
	Kus	R4 812	R401	R3 612	R301	R1 932	R161

***'n Maksimum van drie kinders word in berekening gebring wanneer die jaarlikse mediese spaarrekeningtoewysing vasgestel word. ****Waar toepaslik word die maandelikse spaarrekeningtoewysing by die totale maandelikse bydrae ingereken.

Jaarlikse drempelvlakke

Reeks	Eksklusief	Omvattend	Prioriteit	Bo-drempellimiete vir Prioriteit-reeks
Hooflid	R16 600	R16 600	R3 150	R11 150
Volwasse afhanklike	R15 500	R15 500	R2 950	R7 950
Minderjarige afhanklike*	R13 150	R9 850	R4 300	R3 850

* 'n Maksimum van drie kinders word in berekening gebring wanneer die jaarlikse bo-drempellimiet bereken word.

Vitality- en KeyFIT-bydraes

	Enkellid	Lid met een afhanklike	Lid met twee of meer afhanklikes
Vitality	R219	R265	R296
KeyFIT	R47	R57	R71
Vitality en KeyFIT	R239	R289	R329

Alexander Forbes Health is a licensed financial services provider (FSP 33471).
CMS registration number ORG 3064

Bylaag B: Discovery Health Opsie-veranderingsvorm, 2017
NG Kerk in SA

LIDBESONDERHEDE			
Naam		**Lidmaatskapnommer**	
Van		**Bestaande plan**	

PLANKEUSE

Ek wil graag my plan-opsie vir 2017 soos volg verander. (Merk asseblief die toepaslike blokkie met 'n ✓.)

Plan-opsie	Regmerkie✓	Plan-opsie	Regmerkie✓
Eksklusief		Kus Spaarder *	
Klassiek Omvattend		Klassiek *Smart Plan* ****	
Klassiek Delta Omvattend **		Essensieel *Smart Plan* (Nuut) ****	
Klassiek Omvattend Zero MSR		Klassiek Kern	
Essensieel Omvattend		Klassiek Delta Kern **	
Essensieel Delta Omvattend **		Essensieel Kern	
Klassiek Prioriteit		Essensieel Delta Kern **	
Essensieel Prioriteit		Kus Kern*	
Klassiek Spaarder		KeyCare Plus ***	
Klassiek Delta Spaarder **		KeyCare Access ***	
Essensieel Spaarder		KeyCare Kern ***	
Essensieel Delta Spaarder **			

* Slegs vir lede wat in kusprovinsies bly l ** Die Delta-planne maak gebruik van die Delta-hospitaalnetwerk l *** Die KeyCare-planne maak gebruik van die KeyCare-hospitaalnetwerk| **** Die *Smart Plan* maak gebruik van die *Smart Plan*-hospitaalnetwerk.

Slegs vir ***KEYCARE PLUS/ACCESS-applikante

Voltooi asseblief die diensverskaffer se besonderhede.
Verskafferlys/ -name beskikbaar by www.discovery.co.za of 0860 100 694

Afhanklike	Naam van dokter	Praktyknommer

VITALITY/KEYFIT-KEUSE

Ek wil graag my Vitality- en/of KeyFIT-opsie vir 2017 soos volg verander. (Merk asseblief die toepaslike blokkie met 'n ✓)

Aansluiting by Vitality en/of KeyFIT Indien u by Vitality en/of KeyFIT wil aansluit, moet u asseblief 'n aansoekvorm voltooi. Die vorm kan aangevra word by die Discovery Health-inbelsentrum by 0860 99 88 77 of by u Alexander Forbes-gesondheidskonsultant.		Kanselleer Vitality
		Kanselleer KeyFIT
		Kanselleer Vitality en KeyFIT

VERKLARING

Hiermee verklaar ek dat omvattende produkinligting aan my beskikbaar gestel is deur Discovery Health Mediese Skema en/of Alexander Forbes Health wat my in staat gestel het om 'n ingeligte besluit te neem aangaande die keuse/verandering van my planopsie. Ek bevestig ook dat, indien ek raad of hulp nodig het, ek volle toegang tot my Alexander Forbes-gesondheidskonsultant het. Ooreenkomstig die Reël van die Mediese Skema, doen ek hiermee aansoek om my mediese skema-plan te verander soos hierbo aangedui. Ek verstaan die reëls, voordele en finansiële implikasies van die seleksie van hierdie planopsie**.**

Handtekening	**Datum**

Hierdie vorm moet voltooi en terugbesorg word aan Christine Lombard teen Vrydag 25 NOVEMBER 2016